Kultuur weekliks aan die kook!

Toneel EENBEDRYWE:

Die toneelgroepe vir 2010 is gefinaliseer en begin reeds op 1 Maart 2010 repeteer aan hul werke. Die toneelvereniging stel ook volgende week sy tegniese oudisies oop vir almal wat met die tegniese aspekte van teater te doen wil hê. Tegniese oudisies bestaan uit 'n kursus, praktiese en teoretiese eksamen, gevolg deur 'n onderhoud. Hou dus die toneelaansteekbord by die saal dop vir verdere inligting.

Koor: Oefening op Dinsdag tussen 16:00 en 18:00 in die saal.

Kaapse Afrikaanse Eisteddfodd:

Uitstaande inskrywingsgelde is komende Maandag by mej. Esterhuizen betaalbaar. Inskrywingsgelde wat ná Maandag steeds uitstaande is, sal onttrek word.

Fotografie: Albei groepe is hierdie week aktief tussen 14:00 en 16:00 in mej. Janse van Rensburg se klaskamer. Onthou om jul beste foto's agtermekaar te kry vir die **TOP 20-foto-uitstalling** tydens ons eerste KULTUUR-Jan Zoe, waar die wenner se foto in A3-formaat geraam sal word. **Jy hoef nie aan die Fotografie-klub te behoort om in te skryf vir die uitstalling nie.**

Jan Zoe Sêr: Die eerste KULTUUR Jan Zoe is oppad met Massa-sêr. ***Suikerbossie*** is die voorgeskrewe liedjie wat deur groepe verwerk en uitgevoer word saam met hul keurspel van eie keuse. Groepe bestaan uit 'n minimum van 40 en 'n maksimum van 70 leerders. Sterkte aan alle huise met die voorbereidings.

Musiekblyspel: 'Miracle Boy": Baie geluk aan 5 van ons seuns wat die Kunstekaap-regisseur van die produksie "Miracle Boy": met hul sang beïndruk het. Hierdie produksie is deel van Kunstekaap se uitreikprogram vir skole. Sterkte met die harde instu-dering wat nou voorlê! Hulle is Anthony Watson-Poole, Cameron Claassen, Terence Makapan, Armand Theart en Marnus

---

Siener in die Suburbs

'n Klassieke Afrikaanse Drama deur PG du Plessis aangebied deur UCT Drama Dept

27 Februarie 2010 tot 13 Maart 2010 om 19h30 in The Little Theatre

BLOKBESPREKINGS vir Jan van Riebeeckers teen slegs R30.00 'n kaartjie!

Wees deel van hierdie klassieke teater ervaring!

Kontak JJ van Niekerk by 076 391 3414 of jjbvanniekerk@gmail.com vir verdere navrae en BLOKBESPREKINGS.

JvR TEATERKLUB 2010

Wees deel van hierdie "sixties" ervaring!

09 tot 18 Maart 2010 sekere vertonings in Artscape Teater

Grease

'n Pieter Toerien produksie

Kontak JJ van Niekerk by 076 391 3414 of jjbvanniekerk@gmail.com vir verdere navrae en BLOKBESPREKINGS vir Jan van Riebeeckers teen slegs R150.00 'n kaartjie!

JvR TEATERKLUB 2010

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK

KLOOFSTRAAT 129, KAAPSTAD

prinsipaal@janvanriebeeck.co.za / ontvangs@janvanriebeeck.co.za

Telefoon: 021 423-6347 Faks: 021 424-5520

UITGAWE 6

19 FEBRUARIE 2010

Jannewa

IN HIERDIE UITGAWE

- **DUYNEFONTEIN BUS**
- **MEN OF HONOUR**
- **KAPSTADT INTERNATIONAL**
- **TOETSROOSTER**
- **JAN ZOE NETBAL / HOKKIE / RUGBY**
- **VCSV**
- **GASVRYHEIDSTUDIE**
- **TENNISUITSLAE**
- **SWEM**
- **ATLETIEK**
- **KULTUUR**
- **JvR TEATERKLUB**

DUYNEFONTEIN BUS BEGIN SOGGENS 06:15 OPLAAI BY DIE EERSTE PUNT, DUS MOET OUERS ASB. HULLE TYE HIERBY AANPAS

MEN OF HONOUR

Waardegebaseerd of waarde-gedrewe? Hierdie vraag is heel-waarskynlik die vraag om te vra, nie net in ons gesinslewe nie, maar ook in ons skoolbelewenis en meer nog in die Suid-Afrikaanse perspektief. Ek is oortuig daarvan dat ons samelewing deurtrek is met waardegebaseerde strukture en -sisteme. Of hierdie waardesisteme elke dag toegepas word, is 'n ander vraag. Ek sal maar namens die WP-atletiekhiërargie 'n verskoning aanbied aan die Jan van Riebeeckatlete en -ouers wat gister die eerste zonebyeenkoms moes deurmaak. In die lig hiervan en die karakter van die Jan van Riebeeckers wil ek die baie ou DVD "Men of Honour" sterk aanbeveel as 'n noodsaaklike tydverdryf saam met die hele gesin hierdie naweek. Doelgerigtheid, deursettingsvermoë, kameraadskap en die wil om te wen ten spyte van beperkings laat 'n mens hoender-vleis kry, en ja, ook 'n paar trane afvee omdat dit 'n ware verhaal is.

Die mees onlangse prestasies van Jan van Riebeeck is direk eweredig aan die karakter van "Cookie" in Men of Honour. Dit was 'n absolute eer om die interskole van die Westelike Provinsie Premierliga Swem by te woon verlede Woensdagaand. Ten spyte van die feit dat die Gala slegs beskore is vir die top 10-swemskole in die Wes-Kaap en dat Jan van Riebeeck in getalle twee tot drievoudig oortref is, wen ons die "Co-Ed"-kompetisie, terwyl die seuns- en meisie-spanne hulself gerieflik in die boonste helfte van die enkelgeslagskole plaas. Byna al ons atlete is deur na die volgende en finale zonebyeenkoms, en ten spyte van die gebreke van dié byeenkoms was die Jan van Riebeeck-atlete ook sommer die onmisbare instaanbeamptes. 'n Mens sal seker nie die waardegedrewe karakter van Jan van Riebeeckers verstaan alvorens jy nie weer 'n slag hierdie naweek jou verlustig in die waardes van die lewe soos dit in "Men of Honour" uitgebeeld word nie. Ek salueer al julle Jan van Riebeeck-"cookies". Ek is ongelooflik trots op julle! Ek vertrou dat julle van krag tot krag sal gaan in alle fasette van jul hoërskool- program en dat hierdie karakter die fondamente van jul lewe sal wees.

HAMMIES VAN NIEKERK

HET jy

- **... dat die toetsreeks op Maandag, 15 Maart begin.**
- **... dat Danie Marais 11de geëindig het in die Midmar ope-water kompetisie wat plaasgevind het in Pietermaritzburg?**
- **... dat die Rog hulle innaweek het hierdie naweek?**
- **... dat 2 KKNK-produksies repeteer vanaf volgende week in ons teaterfasiliteite?**

KAPSTADTinternational PROPERTIES

GARDENS R 3 850 000

VICTORIAN TIMES

Entertain beautifully in this enchanting historical home with high ceilinged reception rooms leading onto to a private central courtyard and wraparound stoep. Original fireplaces, wooden floors and exquisite "Happy Doors" with full length shutters. Garaging with direct access and a small sunny garden. A real gem!



For an appointment to view, call Louise Killeen 083 351 6744 or 021 4242211

City Bowl 021 424 2211

www.kapstadtinternational.co.za

Web ref:824072

house home heart

TOETSROOSTER VIR DIE EERSTE KWARTAAL: 15 MAART- 25 MAART 2010

DATUM	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
MAANDAG 15 MAART	NW	MSW	Musiek (Gr 2) Rekeningkund. Toerisme IGO RTT	Musiek (Gr 3) Besigheidst Aard Drama IT	Musiek (Gr 1) Fisiese Wet Ekonomie GVS Geskiedenis
DINSDAG 16 MAART	EBW	Eng	Lewenswet.	Engels	Wiskunde Wiskundige Geletterd
WOENSDAG 17 MAART	Wiskunde	Afr	Afrikaans	Lewenswet	Visuele Kuns
DONDERDAG 18 MAART	MSW	EBW	Wiskunde Wiskundige Geletterd.	Afrikaans	Musiek (Gr 2) Rekeningkunde Toerisme IGO RTT
VRYDAG 19 MAART	Afr	NW	Geskiedenis	Musiek (Gr 2) Rekeningk Toerisme IGO RTT	Engels
DINSDAG 23 MAART	Kuns en Kultuur	Wiskunde	Musiek (Gr 1) Fisiese Wet Besigheidst Gasvryheidst. Drama	Musiek (Gr 1) Fisiese Wet Ekonomie Gasvryheidst. Geskiedenis	Musiek (Gr 3) Besigheidst Aard Drama IT
WOENSDAG 24 MAART	Engels	Tegnologie	Engels	Visuele Kuns	Afrikaans
DONDERDAG 25 MAART	Tegnologie	Kuns en Kult	Musiek (Gr 3) IT Visuele Kuns Ekonomie Aard	Wiskunde Wiskundige Gelett.	Lewenswet

JAN ZOE NETBAL / -HOKKIE / -RUGBY

Ons groot Winter-Jan Zoekompetisie is op hande! Al die huise se spanne oefen al hard vir die onderskeie kompetisies op:

Dinsdag, 23 Februarie: Netbal

Woensdag, 24 Februarie: Hokkie

Donderdag, 25 Februarie: Rugby

Voorspoed vir al die spanne, alle toeskouers is welkom.

JAN ZOE RUGBY

BOSHOFF-VELD				BUYSVELD			
14:30	D1	**VS**	DGH1	**14:30**	R3	**VS**	DGH3
14:55	D3	**VS**	R3	**14:55**	R2	**VS**	DGH2
15:30	R1	**VS**	DGH1	**15:20**	DGH3	**VS**	D3
15:45	D2	**VS**	DGH2	**16:15**	R2	**VS**	D2
16:10	D1	**VS**	R1				

DEURNAG VIR JESUS

Die VCSV en mnr. Bester bied op 26 Februarie 'n "deurnag" aan in die studentesentrum ten einde geld in te samel vir die Jesuskamer. Daar het 141 leerders hul name ingegee wat sal deel vorm van die deurnag. Diegene het vorms gekry wat die ouers moes voltooi en slegs hierdie leerders sal toegelaat word. Dankie aan al die ouers wat hierdie projek ondersteun tot die glorie van Jesus!

TENNISUITSLAE

Ons tennisspanne doen tans baie goed. Ons het ook vanjaar 'n seuns 0.15-span ingeskryf. Ten spyte van twee beseerde eerste spanspelers, speel die seuns gelykop teen Westerford. Die seuns tweede span wen oortuigend teen Vishoek. Die dogters eerste span klop Reddam House College en die dogters tweede span speel gelykop teen Springfield. Die seuns o.15 speel gelykop teen Reddam House, Constantia en klop Rondebosch oortuigend.

W.P.-LIGA INTERSKOLE-GALA

Baie geluk aan ons swemspan wat uitstekend gevaar het teen uiters sterk kompetisie. Hulle het in hul eie afdelings 'n vyfde en sesde plek behaal en in die gemengde kompetisie met die **eerste plek** weggeloop. **JAN VAN RIEBEECK IS BAIE TROTS OP JULLE!**

ATLETIEK

Baie dankie aan al ons puik atlete vir hul deelname op Do., 18 Feb. aan die Tafelberg-zone. Die uitslae word Maandag, 22 Feb. verwag. **Belang-rike datums: 27 Feb:** Zone semi-finale (Parow)

5/6 Mrt: WP Hoërskole kampioenskap (Bellville)

12/13 Mrt: W.P.-kampioenskappe (Paarl)

Gasvryheidstudie

- Alle uniform en apparaat is bestel en ons wag in spanning vir die aflewering.
- Die graad 10's leer meer van mes-tegnieke.
- Die graad 11's het heerlike styselgeregte voorberei.
- Die "Culinary Academy", 'n sjefskool net buite die Paarl gevestig op Backsberg Wynlandgoed, het hulself kom bekendstel aan die graad 12's en vyf leerders is geïdentifiseer vir "Job shadowing."

Gr. 12-leerders moet onthou om kaartjies te verkoop en aan te koop vir die eerste praktiese eksamen. Kaartjies is beskikbaar teen R100 per persoon en sluit 'n viergangmaal in.

Alle ouers en onderwysers is welkom.